

God se stem

Om die Here se stem te hoor is vreeslik. Die Israeliete vra by Sinaiberg vir Moses (Eks 20:19): “Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf.” Selfs net die klank van die Here se stem getuig van sy mag en majesteit. In Psalm 29 word die Here se stem soos sewe donderslae beskryf: Dit dreun deur die lug, berge bokspring, bome kloof middeldeer, woestyne bewe, wilde diere ruk van skrik en mense roep uit (vs 9): “Hoe geweldig!”

Hoor ons nog die Here se stem vandag? Baie mense leef asof God niks meer te sê het nie. Ander meen dat God alles goeie vind. Het ons te doen met 'n God wat swyg? Allermens! God praat nog steeds. Hy praat net anders.

Die rede hiervoor vind ons in 'n visioen wat Johannes in Openbaring 10 oor die eindtyd ontvang. Net soos in Psalm 29 klink daar in Openbaring 10 sewe donderslae. God praat óók in die eindtyd, in ons tyd! Johannes kry egter opdrag om die inhoud van die donderslae geheim te hou en voort te gaan om God se boodskap te verkondig. In die laaste dae, sê die skrywer van die Hebreërbrief, praat God met ons deur die Seun (Heb 1:2). Die eindtyd is genadetyd; daarom klink God se stem anders.

Maar, al is die stem anders, die gesag is dieselfde. In eenvoudige Woordverkondiging oefen God dieselfde mag en gesag, waarvan Psalm 29 praat, in die kerk en in ons lewe uit. Al klink dit nie soos donderslae nie, bring Woordverkondiging ons in kontak met die Almagtige God en wat Hy sê. Luister dus van nou af met onverdeelde aandag as God se Woord verkondig word en gehoorsaam Hom. Wie werklik dit wat verkondig word, gelowig aanneem, sal sê: “Hoe geweldig!”

Sing: Psalm 29:1-5 (2001)

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)